

Tydige Wenke

Mei 2017



Soos nog 'n steenvrugseisoen vir die Suid-Afrikaanse steenvrugbedryf tot 'n einde loop, is dit nou 'n goeie tyd om oor die afgelope seisoen te besin en om 'n interne post-mortem te hou oor die prestasie van individue boorde en variëteite.

'n Winsgewende boord is afhanklik van die 3 P's, naamlik:

- Produksie (opbrengs, uitgedruk in ton per hektaar)
- uitPak (persentasie van klas 1 vrugte en vrugte van die gewenste grootte)
- Prys (sal nie in hierdie artikel bespreek word nie)

Ons as produsente kan die winsgewendheid van 'n boord bepaal deur die opbrengste (produksie) en uitpakke te verbeter.

Aan die einde van die seisoen moet ons die prestasie van elke variëteit in elke individuele boord in terme van opbrengs en uitpak ontleed.

Wat volg is 'n kort oorsiglys wat in baie gevalle gebruik word wanneer 'n boord se verrigting ontleed word om te bepaal hoekom dit nie so goed presteer het as wat ons gehoop het nie. Dit is goed om elkeen van hierdie faktore te ondersoek, indien hulle bygedra het tot die laer as verwagte opbrengste en die laer as verwagte uitpakke.

1. Grondfaktore

Moontlik een van die mees beperkende faktore in die boord se prestasie is grondfaktore en die volgende moet met betrekking tot die grond nagegaan word:

- ✓ **Dreinerings:** Is die dreinerings in die boord voldoende, is daar groot gebiede van “nat voete” en boomsterftes. As 10% van die bome in 'n boord kort, beteken dit 'n 10% laer

opbrengs per hektaar. Indien dreinerings 'n probleem is, moet planne gemaak word om dit reg te stel.

- ✓ **Grondkompaktering:** Om grondkompaktering na te gaan, moet mens op die uitkyk wees vir toenemend swaar gekompakteerde gronde, wat lei tot swak wortelaktiwiteit, waterindringing, ens.
- ✓ **Organiese inhoud van die gronde:** Hoeveel Koolstof is daar in die gronde; die mikpunt is 3% Koolstof, en hoe nader mens kan kom aan 3% Koolstof in die grond, hoe beter die grondstruktuur en dus hoe beter die voedingstofopname.
- ✓ **Chemiese balans in die gronde:** Wat sê die uitslae van die grondontledings? Watter regstellings, indien enige, moet gemaak word?
- ✓ **Brak toestande:** Die soutgehalte van baie van ons gronde is te hoog en ons moet iets doen om die soutgehalte te verminder. Bome kan nie tot hulle maksimum potensiaal presteer indien die natriuminhoud van die grond hoër is as 2% of die magnesiuminhoud hoër is as 12% van kationuitruilvermoë nie.

1. Wortelsiektes en Insekte

Ons sien toenemend erger gevalle van aalwurmbesmetting in die boorde en glo dat indien daar enige onsekerheid is oor die teenwoordigheid van aalwurms, dit die moeite werd is om vir hulle te toets. Ondersoek ook die moontlikheid van ander wortelsiektes of insekte.

2. Bestuiwing

'n Gebrek aan kruisbestuiwing is moontlik een van die grootste oorsake van 'n swak opbrengs in pruime, en dit is altyd interessant om te sien dat as daar 'n Songold-boom as bestuiwer is, sê nou maar elke neënde boom, dit 'n vol oes sal hê, maar as dit die hoofvariëteit is, sukkel mens om 'n oes te kry. Die verskil is uit-en-uit kruisbestuiwing. Ek moedig elke pruimboer aan om 'n gedetailleerde studie van hulle kruisbestuiwing te onderneem. Die kruisbestuiwers wat ons het – is hulle versoenbaar met die variëteit wat ons probeer bestuif? Sien Hortgro Science se omsendbrief oor stuifmeelversoenbaarheid en, tweedens, maak seker dat hulle op dieselfde tyd blom.

3. Boomgroekrag

Te veel groekrag in die boom kan net so skadelik wees as te min groekrag. Indien die boom te groekragtig is, sal dit nie vrugte produseer nie. Dit bly in die vegetatiewe fase en produseer nie blomme nie. As daar nie genoeg groekrag is nie, sal daar nie nuwe drahout van goeie gehalte geproduseer word nie, die ruimte wat aan die boom toegewys is, sal nie gevul word, ens. Te veel groekrag is skadelik en te min groekrag is net so skadelik. Die boom moet in balans gebring word ten opsigte van groekrag en vrugproduksie.

4. Uitdun

Hoe suksesvol was die uitdunresep in die pas afgelope seisoen? Onderuitdunning sal lei tot klein vrugte, 'n oeslading wat te swaar is, lei tot oorslaan en al die ander probleme. Ooruitdunning sal lei tot groter vrugte, maar kan ook 'n oormaat groekrag in die boom veroorsaak wat kan lei tot gevolglike swak opbrengste.

5. Besproeiing

Kyk krities na u besproeiingstelsel. Het die besproeiingstelsel water gelewer wanneer dit benodig was? Hoe was my skedulering, was die besproeiing 'n beperkende faktor met betrekking tot opbrengste?

6. Wind

Windskode – hoe groot 'n faktor was dit oor die afgelope jaar? Moet ek die gebruik van kunsmatige windskerms ondersoek, die aantal windskerms wat geplant is, vermeerder, ens.? Dit is altyd goed om die windtoestande op die plaas te analiseer.

7. Hael

Was hael 'n faktor wat produksie beperk het? Moet ek voorsorgmaatreëls teen hael tref?

8. Somersnoei

Het my somersnoeipraktyke 'n bydrae gemaak tot vruggrootte, vruggehalte, blomknopdifferensiasie vir volgende jaar? Kyk krities na die somersnoeipraktyke en die tydsberekening van somersnoei.

9. Oespraktyke

Maak 'n opsomming van oespraktyke. Het ek teen die korrekte rypteid gepluk, uitsoekstrategieë, korrekte gehalte? Was daar enige beskadiging van die vrugte tydens oes?

10. Ligbestuur

Is die bome oop genoeg? Ontvang al die blare voldoende lig vir fotosintese, ens.? Is dit nodig dat ek naoes- ligbestuur onderneem, hoogs problematiese takke verwyder, veral dié wat nie in die regte verhouding is nie, sowel as uiters groekragtige takke?

11. Onkruidbestuur

Hoe suksesvol was die onkruidbestuurstrategie in die afgelope jaar, hoe suksesvol was ek in die beheer van meerjarige onkruid, veral kikoejoe, vaalskraalhans, fynkweek, ens., moet ek my onkruidbeheerstrategie verander?

Investment in agriculture and research may cause exposure to certain risks, including market risk, and financial losses, therefore it may not be suitable for all clients. Please contact a technical advisor for a personal analysis prior to making any orchard practice decisions. HORTGRO and its affiliates disclaims and assumes no liability for any loss or damage (direct, indirect or consequential) that may be suffered from using or relying on the information contained herein without seeking professional advice.

12. Insek- en Siektebeheer

Frikkie van Schalkwyk het altyd gesê die volgende seisoen se insek- en siektebeheer word aan die einde van die vorige seisoen bepaal omdat u dan weet wat die probleme was en wat met betrekking tot hierdie probleme vir die volgende seisoen aangespreek moet word. Beheerstrategieë vir insekte soos witluis, verderflike dopluis, ens., word almal ná oes vir die volgende seisoen bepaal. Dieselfde geld vir siektebeheer.

Baie van die faktore wat opbrengs, ens. beïnvloed, word beïnvloed deur die verkryging van 'n voldoende aantal blomme (voldoende blomknopdifferensiasie). As ons 'n voldoende aantal sterk blomme het, hoe maak ons seker dat ons voldoende vrugset verkry (bestuiwing, ligbestuur, boomreserwes, ens.)? Die spandeer van tyd om die afgelope seisoen te analiseer en te bepaal wat die beperkende faktore was, kan grootliks bydra tot verhoogde opbrengste en uitpakte in die komende jaar. Dit is 'n oefening wat beslis die moeite werd is.

TYDIGE WENKE bydraer:

	Harvesting tips/Pruning Peter Dall Technical consultant Peter Dall Consultancy 028 272 9671	
--	--	--

*Disclaimer

This document is issued by HORTGRO (Pty) Ltd (Reg no. 2005/010343/07). Whilst all care has been taken in the provision of the information in this document, this information is provided without liability to us, our affiliates or any officers or employees of ours. The information expressed in this document is done in good faith and is not intended to constitute any form of advice, including but not limited to horticultural practises, such as the administration, management, production and export of products. Some of the information may have been provided or sourced from third parties and we do not in any way guarantee its accuracy or correctness. At all times we will endeavour to ensure that information obtained from any third party is accurate and reliable. HORTGRO and its affiliates disclaims and assumes no liability for any loss or damage (direct, indirect or consequential) that may be suffered from using or relying on the information contained herein.